**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2022: VOORTGESETTE POSITIEWE VENNOOTSKAPPE VIR 'N MENSWAARDIGE TOEKOMS

## NOTULE VAN DIE HIBRIEDE RAADSVERGADERING GEHOU OP VRYDAG 30 SEPTEMBER 2022 OM 11:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. SS Lesch (me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. R Laubscher | [PA] | | *(virtueel ingeskakel)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Munisipale Bestuurder *(waarnemend)* |
| Mev. N Bothma | : | Direkteur Finansiële Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. VW Felton | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. T Wessels | : | Strategiese Beampte |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN017/09/2022**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Du Plooy open met gebed.

‘n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lid van die publiek teenwoordig en die lede van die publiek wat op die virtuele platform ingeskakel is.

***

**RVN018/09/2022**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Rdl. J Daniels – afwesig met verskoning (Seminaar)
Rdl. A Small (Me.) - afwesig met verskoning
Munisipale Bestuurder - afwesig met verskoning (virtuele Provinsiale OVK-vergadering)
Direkteur Finansiële Dienste - vakansieverlof

Op navraag insake Raadslid Moolman se verskoning bevestig Raadslid Moolman dat hy die volle vergadering sal bywoon.

***

**RVN019/09/2022**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN020/09/2022**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP MAANDAG 29 AUGUSTUS 2022**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Maandag 29 Augustus 2022, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN021/09/2022**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP MAANDAG 29 AUGUSTUS 2022**
**3/3/2/2**
***(Implementeringsverslag van Maandag 29 Augustus 2022, word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die waarnemend Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Maandag 29 Augustus 2022.

***

**RVN022/09/2022**
**<u>EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: RVN014-19/07/2022: AFSKRYWING VAN BOUPLANFOOIE (RVN023/08/2022)</u>**
**3/3/2/2**

Op navraag van Raadsheer Manuel insake RVN014-19/07/2022: Afskrywing van Bouplanfooie waarmee daar nie eenparig saamgestem word nie, hou die Speaker die verbatim notulering aan die Komitee voor.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notulering korrek was insake RVN014-19/07/2022: Afskrywing van Bouplanfooie.

***

**RVN023/09/2022**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Speaker doen die volgende mededeling:</u>

Dat die Direkteur Tegniese Dienste, mnr. VF Felton, se laaste werksdag Vrydag 30 September 2022 is en bedank hom vir sy goeie diens aan Bergrivier Munisipaliteit. Die Speaker gee die Direkteur Tegniese Dienste geleentheid om ‘n afskeidswoord te rig waarna die Direkteur Tegniese Dienste ‘n woord van dank aan almal rig. Raadsheer De Vries bedank mnr. VF Felton vir sy goeie diens en wens hom sterkte en voorspoed toe met sy loopbaan.

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:</u>

1. Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Direkteur Tegniese Dienste vir sy diens gelewer aan Bergrivier Munisipaliteit en die publiek en wens hom sterkte toe met sy toekomsplanne;
2. Dat die “The Operational Plan To Ensure Continuous Service Delivery Under Loadshedding Stages 1 - 8” bespreek was by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en bedank hy die Portefeulje Voorsitters in oorleg met die onderskeie direkteure vir die planne wat in plek gesit is; en
3. Dat die inbrake en diefstalle in die gemeenskappe en by munisipale eiendomme ‘n bron van kommer is tydens kragonderbrekings en versoek hy dat die Raadslede gesprekke fasiliteer met die publiek in hul wyke oor genoemde kwessies.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN024/09/2022**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN025/09/2022**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN026/09/2022**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF MUNISIPALE BESTUURDER: "UTILISATION OF CAPITAL BUDGET ALLOCATION AS BRIDGING FINANCE FOR YOUTH CENTRE IN 2022/23 FINANCIAL YEAR"**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê - Bylae B)***

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item kortliks in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council approves the utilisation of the approved capital budget vote as bridging finance to complete the foundation of the steel structure;
2. That a budget vote in Strategic Services capital budget be created for the Youth Centre during the following adjustment budget;
3. That any funding for the Youth Centre received be allocated to this budget vote in future; and
4. That the furniture and equipment planned, be purchased once the Western Cape Provincial Government allocation is available.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN027/09/2022**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: RESTANT ERF 1023 EN ERF 3539 PORTERVILLE**
**PTV.1023 & 3539; 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy, lei die item kortliks in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. Dat hierdie besluit Fase 2 vervang van Raadsbesluit No. RVN012/02/2020 van 25 Februarie 2020;
2. Dat Restant Erf 1023, Porterville en Erf 3539, Porterville nie benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering nie;
3. Dat Restant Erf 1023, Porterville en Erf 3539, Porterville per openbare tender vervreem word teen waardasie prys + waardasie koste + adverteringskoste (Die minimum inset prys vir Restant Erf 1023, Porterville is R124 440.00 en Erf 3539, Porterville is R134 440 (BTW ingesluit);
4. Dat die tender geadverteer word vir 30 dae;
5. Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;
6. Dat, indien die voorgestelde gebruik meer as die beskikbare dienste benodig, sal die koste van munisipale dienste wat addisioneel benodig word as gevolg van die voorgestelde gebruik van die grond, vir die koste van die suksesvolle tenderaar wees, en geïnstalleer en/of opgradeer word tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste;
7. Dat Bergrivier Munisipaliteit verantwoordelik sal wees vir die uitwys van erfpenne; en
8. Dat aan die Begrotingsloodskomitee aanbeveel word dat fondse verkry uit die vervreemding aangewend moet word volgens die prioriteite en behoeftes van die munisipaliteit.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN028/09/2022**
**OORSKRYDING OP MUNISIPALE GROND: ERF 4001, PIKETBERG (OPENBARE PLEK)**
**PB.4001; 7/2/3/1**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1 Dat daar nie voortgegaan word met wetlike prosesse om gedeeltes van publieke oopruimtes (Erf 4001, Piketberg) deel te maak van langsliggende erwe omrede:

1.1 Dit geskep nagelang van die mees omgewingswenslike uitlegte wat oorweeg was deur die bevoegte gesag, gegewe die omgewingssensitiewe areas (waterkanale) asook vir doeleindes om stormwater af te voer. Ontwikkeling binne hierdie areas kan verder, weens grond en oppervlak water, probleme vir konstruksies inhou.

1.2 Bergrivier Munisipaliteit MSDF 2019-2024, identifiseer ook die 30-meter buffer area binne hierdie gebiede (publieke oop ruimtes) en waterkanale daarop.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN029/09/2022**
**LAAT AFLEWERING VAN JULIE 2022 DEBITEURE REKENINGE**
**5/15/2**

Die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste, lei die item kortliks in.

Op navraag van Raadsheer Wessels insake of alle dorpe in die Bergrivier Munisipale area vrygespreek word van die rente, bevestig die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste dat dit so gedoen gaan word.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat rente gehef op die uitstaande rekeninge wat betaalbaar was op 31 Augustus 2022, terug geskryf word teen die verbruikers se rekeninge. Die rente sal bereken word op die maandelikse rekening wat 31 Augustus 2022 betaalbaar was, en nie die rente wat in totaal op die rekening gehef was nie;
2. Die bedrag van die rente kan tans nie bepaal word nie, omrede die heffing van die maandelikse dienste rekening nog in proses is; en
3. Dat die Direkteur Finansiële Dienste die bepaling van die verliese wat Bergrivier Munisipaliteit ervaar het rapporteer by die volgende Finansiële Dienste Komiteevergadering wat geskeduleer is vir Woensdag 05 Oktober 2022.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (WAARNEMEND )***

***

**RVN030/09/2022**
**PROPOSAL OF MODELS FOR PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE (PRAC) AND RISK MANAGEMENT COMMITTEE**
**12/2/2/21**

Die Speaker lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere bespreking/ondersoek.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**RVA031/09/2022**
**OORWEGING VAN VERTOË TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN 'N BOUPLANFOOI: ERF 2559, NOORDHOEK**
**7/2/3/1**

Die Speaker lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere bespreking/ondersoek.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN032/09/2022**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JULY 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for July 2022.

***

**RVN033/09/2022**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: JULIE 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council take note of the July 2022 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**RVN034/09/2022**
**RAMPBESTUUR JAARVERSLAG 2021/2022**
**17/11/B**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Rampbestuur Jaarverslag 2021/2022.

***

**RVN035/09/2022**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN036/09/2022**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN037/09/2022**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN038/09/2022**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN039/09/2022**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:30***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ ________________
***VOORSITTER*** ***DATUM***